

**25 Oktober**  
**37] (OAV)**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 18 en 19; [Jesaja 36 en**

**19:5-7**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 18:33-35; 2 Konings**

### **God word uitgedaag**

Hiskia word koning van Juda en doen wat reg is in die oë van die Here. Die Here was met hom en hy was voorspoedig.

Na die wegvoering van Israel (die tien stamme) na Assirië, het Sanherib ook probeer om Jerusalem te verower. Die rabsake (veggeneraal) van Assirië het God eintlik uitgedaag toe hy gesê het dat geeneen van die gode van die nasies hulle sou kon red uit die hand van die Assiriërs nie. Die God van Juda sal dit ook nie regkry nie.

Toe Hiskia hierdie woorde van die rabsake hoor, het hy dadelik sy toevlug tot die Here geneem. Hy stuur 'n kommissie na die profeet Jesaja wat die volgende boodskap aan die koning terugstuur: "So spreek die Here: vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Assirië My gelaster het nie. Kyk Ek sal 'n gees in hom gee, dat hy 'n gerug hoor en na sy land terugtrek en Ek sal hom in sy land deur die swaard laat val" (Vs 6 en 7). In dieselfde nag het die engel van die Here 185 000 Assiriërs in die laer wat Jerusalem beleër het, gedood. Toe het Sanherib die volgende oggend teruggetrek na Ninivé waar hy deur twee van sy seuns met die swaard doodgemaak is.

As jy die Here God laster en uitdaag, sal jy die gevolge moet dra. God is nie net magtig nie, Hy is almagtig. Hy is tot alles in staat. Die Skrif is vol van sy magtige dade en van sy wonders, maar ook vol van sy genade en liefde wat Hy in Jesus Christus aan ons bewys het.

*Sing: Psalm 46:4*

*Ds PA Smit (Emeritus)*